

KONSTITUSIE VIR DIE OTWSA (2006)

1. NAAM

Die naam van die werkgemeenskap is Die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suid-Afrika / The Old Testament Society of South Africa (afgekort respektiewelik OTWSA en OTSSA).

2. DOELSTELLINGS

Die werkgemeenskap streef na die bevordering van die Ou-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika. Vir hierdie doel organiseer die gemeenskap sy lede in belangstellingsgroepe aan die hand van terreine binne die vakgebied en reël kongresse. 'n Publikasie word so gereeld as moontlik uitgegee en daar word gestreef na die opbou van kontakte met oorsese vakgenote.

3. REGSAANSPREEKLIKHEID

3.1. Die aanspreeklikheid van lede van die OTWSA met betrekking tot verpligtinge van die werkgemeenskap sal beperk wees tot agterstallige ledegelde, behalwe in die geval van die ontbinding van die werkgemeenskap.

3.2. Sou die OTWSA om watter rede ook al ontbind word, sal elke lid aanspreeklik wees vir sy/haar moontlike agterstallige ledegelde plus 'n bedrag hoogstens gelykstaande aan die ledegeld van een jaar van een lid.

4. BESTUUR

4.1. Samestelling

Die bestuur van die werkgemeenskap bestaan uit 'n voorsitter, 'n sekretaris, 'n penningmeester en 'n addisionele lid.

4.2. Dienstermyn

Die bestuur word vir 'n dienstermyn van drie jaar gekies, met dien verstande dat 'n bestuurslid in dieselfde pos nie vir 'n vierde ononderbroke termyn herkiesbaar is nie.

4.3. Die ampte

4.3.1. Die voorsitter sit voor by amptelike vergaderings, voer die take wat deur die algemene vergadering aan hom/haar opgedra is, uit, en versorg en versprei die jaarlikse nuusbrief.

4.3.2. Die sekretaris hou notules van die amptelike vergaderings in 'n notuleboek en versorg die versending daarvan; hou die ledelys op datum en stel nuwe lede in kennis.

4.3.3. Die addisionele lid staan die penningmeester by en is verantwoordelik vir die kontrole van die werkgemeenskap se voorrade.

4.3.4. Die penningmeester hanteer die finansiële ontvangstes en uitgawes van die werkgemeenskap, administreer die bankrekening(s) en sorg vir die behoorlike ouditering van die OTWSA se boeke.

4.4. **Kworum**

'n Kworum van die bestuur bestaan uit drie lede.

4.5. **Tussentydse vakature**

Sou daar 'n vakature in die bestuur ontstaan in die tyd dat die algemene vergadering nie in sitting is nie, het die bestuur die reg tot koöpsie, met dien verstande dat die termyn van die gekoöpteerde lid nie langer sal wees as die termyn van die persoon wat hy/sy vervang nie. 'n Gekoöpteerde persoon sal tydens 'n bestuursverkiesing verkiesbaar wees asof hy/sy een volle termyn in die betrokke pos gedien het.

4.6. **Vergaderings**

Die bestuur vergader op sodanige plek en tyd as waarop dit mag besluit.

5. **KONGRES**

Die werkgemeenskap hou jaarliks 'n kongres by 'n instansie wat hom daartoe uitnooi.

5.1. **Organisasie**

5.1.1. Die instansie wat die kongres aanbied, wys 'n kongressekretaris en voorsitter aan wat dan die nodige reëlings tref in samewerking met die bestuur.

5.1.2. Die tema van die kongres word ten minste twee jaar vooruit deur die algemene vergadering bepaal.

5.1.3. Die program van 'n kongres word minstens drie maande voor die kongres in oorleg met die bestuur vasgestel uit voorleggings van voornemende sprekers en sprekers wat op uitnodiging mag optree.

6. **DIE ALGEMENE VERGADERING**

6.1. **Tyd**

Die algemene vergadering vind plaas tydens die jaarlikse kongres.

6.2. **Kworum**

Aanwesige lede van die OTWSA vorm 'n kworum.

6.3. **Stemreg en spreekreg**

Stemreg is beperk tot volle lede wie se ledegelde ten volle vereffen is, asook erelede en emeritus-lede. Assessorlede mag voorstelle indien en het spreekreg, maar nie stemreg nie.

6.4. **Funksie**

Die algemene vergadering kies die bestuur, die redaksie van die werkgemeenskap se publikasie, hou toesig oor die werksaamhede van die bestuur, oorweeg die geouditeerde finansiële verslae, besluit oor kongrestemas en oor eregaste.

7. **LIDMAATSKAP**

Voorstelle vir lidmaatskap word tydens die algemene vergadering gedoen en die finale beslissing lê by die bestuur.

- 7.1. **Volle lede**
Volle lede moet ten minste 'n doktors eksamen afgelê het of oor 'n meestersgraad of oor 'n gelykwaardige kwalifikasie in 'n relevante vakrigting beskik.
- 7.2. **Assessorlede**
Om te kwalifiseer vir Assessorlid moet 'n persoon beskik oor 'n graad of kwalifikasie in Ou Testament of 'n toepaslike rigting. Hy/sy moet ook sy/haar volle lidmaatskapfooi vereffen om lid te bly. Sulke persone kan lesings lewer en kongresse bywoon, maar het nie stemreg op die OTWSA se algemene vergaderings nie.
- 7.3. **Erelede**
Voorstelle vir die benoeming van erelede word op die Jaarvergadering gemaak. Die bestuur neem die finale besluit hieroor, met besondere aandag aan die internasionale statuur van bogenoemde. Persone sal slegs in buitengewone gevalle waar hy/sy besondere diens gelewer het aan die OTWSA, erelidmaatskap ontvang. Bywoning van of lesing tydens kongresse lei nie outomaties tot erelidmaatskap nie.
- 7.4. **Emerituslede**
By aftrede van volle en assessorlede word 'n persoon se lidmaatskapstatus outomaties na emerituslid verander.
- 7.5. **Beëindiging van lidmaatskap**
'n Lid mag sy/haar lidmaatskap opsê of die bestuur kan 'n lid se lidmaatskap sonder opgaaf van redes beëindig. 'n Persoon wie se ledegelde twee jaar agterstallig geraak het, verbeur sy/haar lidmaatskap.

8. LEDEGELDE

Die algemene vergadering bepaal van tyd tot tyd die bedrag van die ledegelde, met dien verstande dat lede van die bestuur, redaksielede, erelede en emerituslede geen ledegeld betaal nie.

9. PUBLIKASIE

- 9.1. Die OTWSA publiseer 'n tydskrif, Old Testament Essays, wat gekeurde wetenskaplike bydraes en resensies publiseer.
- 9.2. Die redaksie van die tydskrif bestaan uit 'n hoofredakteur, twee redakteurs en 'n redaksionele raad.
- 9.3. Die hoofredakteur en twee redakteurs word deur die algemene vergadering verkies vir 'n termyn van drie jaar. Hulle is herverkiesbaar vir verdere termyne van drie jaar.
- 9.4. Die redaksionele raad word deur die redaksie saamgestel, in oorleg met die bestuur, en moet binnelandse en buitelandse lede insluit.
- 9.5. Die werksverdeling tussen die hoofredakteur en die twee redakteurs, asook verdere prosedures (soos die keuring van artikels) word deur die redaksie self gereël.

- 9.6. Die tydskrif verskyn normaalweg drie keer per jaar, maar spesiale uitgawes en supplemente word aan die oordeel van die redaksie, in oorleg met die bestuur, oorgelaat.
- 9.7. Die penningmeester van die OTWSA is oorhoofs verantwoordelik vir die hantering van die finansies van die tydskrif.
- 9.8. Die tydskrif word gratis aan alle lede versprei. Ander individue en instansies kan die tydskrif bestel teen 'n prys wat deur die redaksie, in oorleg met die bestuur, vasgestel word.

10. WYSIGING AAN DIE KONSTITUSIE

10.1. Kennisgewing van wysiging

Gemotiveerde skriftelike voorstelle ter wysiging van die konstitusie moet ten minste een jaar voor die algemene vergadering waartydens die voorstel dien, by die sekretaris van die werkgemeenskap ingedien word.

10.2. Meerderheid ter wysiging van die konstitusie

Wysiging aan die konstitusie kan slegs geskied indien ten minste twee derdes van die aanwesige lede van die betrokke algemene vergadering sodanige wysiging goedkeur.

11. ONTBINDING

Sou die OTWSA om watter rede ook al ontbind, terwyl dit 'n nadelige saldo vertoon, sal gehandel word ooreenkomstig 3.2. Indien 'n batige saldo vertoon word, sal dit die Bybelgenootskap van Suid-Afrika toeval.

(Soos hersien: September 2006)